22-10-64

# 'N DOGMENHISTORIESE SKETS VAN DIE LEER VAN DIE ALGEMENE PRIESTERSKAP VAN DIE GELOWIGES.

DIT kan hier net kortliks aangestip word dat die leerstuk van die algemene priesterskap van die gelowiges hoofsaaklik vanuit die NT-tekste I Pet. 2:5 en 9, Openb. 1:6, Rom. 15:16 e.a. na vore kom. Dogmenhistories het die opvattings in hierdie verband nooit 'n selfstandige bestaan gevoer nie en selfs met die aanvaarding van die **Confessio Helvetica Posterior** in 1566, toe dit 'n dogma van die Kerk geword het, was dit nog 'n onderdeel van die dogma van die amp. Die leer van die algemene priesterskap hang saam met die Christologie, die dogma van die uitverkiesing en die Eskatalogie en dit word normaalweg verdiskonteer as 'n element van die dogma van die Kerk en van die ampte van en in die Kerk.

Die algemene priesterskap van die gelowiges vloei voort uit die NT-visie van Jesus Christus as Hoëpriseter in wie die gelowiges tot die algemene, koninklike priesterskap geroep word. Die doop is vir die gelowige die toetrede tot hierdie algemene priesterskap wat grotendeels geestelik verstaan word want die offerande wat die gelowige as priester bring is die gebed, die erediens en die apostolaat in en aan die wêreld in die sin van Rom. 12:1. As onderdeel van die leer van die Kerk hang dit veral saam met die ampsleer, die eenheid van die Kerk in die ware geloof en die toegang van die mens tot God.

Tot en met die tyd van Cyprianus (oorlede 258) het daar in die vroeë Kerk geen sistematiese verhandeling oor die Kerk bestaan nie hoewel aspekte van die ekklesiologie deur verskillende vroeg-christelike skrywers behandel is. As mens durf veralgemeen sou egter gestel kan word dat die Kerk van die begin af gesien is as 'n nuwe, geestelike gemeenskap wat verenig en saamgehou is deur 'n gemeenskaplike geloof in en diens aan God, 'n gemeenskap wat daarom ook 'n besondere lewensstyl gehandhaaf het. Hierdie liggaam wat 'n werklike geestelike eenheid met Jesus Christus, die Hoof en Heer van die Kerk, geniet het, is gedra, gerig en gelei deur die H. Gees. Die vroeë christene het hulleself dan ook beskou as 'n nuwe volk, 'n **tertium genus.** Toetrede tot hierdie geestelike gemeenskap het deur middel van die doop plaasgevind. Volgens Irenaeus, **Adv. Haer.**, III, 24, is alleen in die Kerk die skatte van die waarheid weggelê, buite die Kerk is slegs rowers en diewe. Van Irenaeus is ook die uitspraak **Ubi enim ecclesia, ibi est spiritus Dei, ubi spiritus Dei, illuc ecclesia et omnis gratia.** By Clemens Alexandrinus, 150-215, vind mens derglike uitsprake (vgl. **Paed.** 1, 6 en **Strom.** VII, 5). Die Kerk is die liggaam van die Here en die word slegs uitgemaak deur die ware gelowiges. Die belydenis van die Kerk as een, heilige, algemene, christelike Kerk gee

miskien die beste die vroeg-christelike opvatting, wat by die NT aansluit, weer. Hierdie Kerkbegrip is by uitstek 'n geloofsbegrip en in hierdie klimaat het die begrip van die algemene priesterskap van die gelowiges ook gedy en tot sy reg gekom. Elke gelowige kon God sonder menslike bemiddeling nader deur die enigste Hoëpriester en Middelaar tussen God en mens nl. Jesus Christus én elke gelowige het as gevolg van sy doop 'n taak gehad om God en sy naaste te dien in die wêreld. In die Kerk is die ampsdraers ook nie gesien as bemiddelaars van die heil wat God in Jesus Christus aan die mens gegee het nie, maar in die sin van Ef. 4:11-16, nl. dat die ampsdraers deur God gegee is om die gemeente in hulle dienswerk en dus ook vir hulle priesterskap toe te rus. Geleidelik kom daar egter 'n begripsverskuiwing in die vroeë Kerk wat reeds in die tweede eeu merkbaar word — 'n begripsverskuiwing ten opsigte van die opvatting in verband met die Kerk, die ampsdraers en die lede van die Kerk. Kortliks kom dit hierop neer dat die histories-empiriese Kerk al die nadruk kry ten koste van die geestelike begrip van die Kerk. (Hierdie aangeleentheid word uitvoerig behandel by F. Loofs, **Handboek der Dogmengeschiedenis,** Groningen 1902, blz. 126 vg. en ook by K. R. Hagenbach, **De Ontwikkelingsgeschiedenis der Christelijke Leerstukken,** Utrecht 1896, blz. 222 vg., en by A. von Harnack, **Lehrbuch der Dogmengeschichte,** Tübingen 1920, Bd. III, S. 149). Die direkte gevolg hiervan is dat die gedagte van die algemene priesterskap al meer en meer op die agtergrond raak en dat in die plek daarvan die hiërargies-ingerigte geestelikheid kom wat skerp van die gemeente ofwel leke onderskei word. Die uitwendige word hier ten koste van die inwendige beklemtoon en die priesterskap word nou institutêr gereël. Dié omkering word die eerste duidelik in die geskrifte van Irenaeus, 130-200, hoewel hy op enkele plekke nog die begrip van die algemene priesterskap hanteer vg. **Adv. Haer.,** IV, 8 : **omnes iusti sacerdotalem habent ordinem,** en ook V, 34 : **levitae et sacerdotes sunt discipuli omnes domini.** Ook Tertullianus 160-220, **de Exhortatione Castitatis,** 7 verwys na die geestelike priesterskap van al die gelowiges en sien die Kerk daar waar twee of drie in naam van Christus versamel is, al is hulle ook „leke". Maar dit moet wel benadruk word dat Tertullianus hierdie saak alleen so stel nadat hy tot die Montanisme oorgegaan het. Ook Origines, 185-245, **comment. in Matth.,** XII, 10 wys daarop dat alle ware gelowiges ook **petroi** is en dat die woord wat Jesus aan Petrus gerig het in hierdie verband, álle gelowiges geld.

Aan die einde van die tweede eeu het die gedagte van die algemene priesterskap van die gelowiges sterk vervaag. Die gedagte wat die veld behou word veral deur Cyprianus (oorl. 258) in sy geskrif oor die Kerk saamgevat en daarin is daar geen ruimte vir die leer van die algemene priesterskap nie. Merkwaardig genoeg kom die gedagte van die algemene priesterskap nog 'n enkele maal by Augustinus, 354 - 430, voor.

Nieteenstaande die feit dat Augustinus se leer van die **sacramentum ordinis** een van die hoofsteunpilare vir die dogmatiese fundering van die roomse hiërargie word, kry ons in sy **de civitate dei,** 10, 10 tog nog 'n enkele verwysing na die algemene priesterskap van die gelowiges. Nà Augustinus, as die hiërargiese ampsopvatting in die Kerk die oorheersende word, verdwyn feitlik die gedagte van die algemene priesterskap van die gelowiges.

Hier mag net daarop gewys word dat die leer van die algemene priesterskap ook in die oosterse Kerk geken word en daar behoue gebly het. W. Niesel. **Das Evangelium und die Kirche,** Neukirchen 1960, S. 132 stel:

> Nicht übersehen darf werden, dasz in der orthodoxen Kirche der Gedanke des allgemeinen Priestertums aller Gläubigen eine grosze Rolle spielt . . . . Priester und Laien haben die gleiche Würde , . . .

Wat die roomse Kerk betref kan ons daarop wys dat die hiërargiese ontwikkeling voortgegaan het en dat vandag die dogma van die ten hemel opneming van Maria die uitwerking van die leer van die algemene priesterskap onmoontlik maak. Want Maria is die simbool van die ongetroude priesterstand en haar ten hemel opneming beteken feitlik 'n vergoddeliking van die roomse, heisbemiddelende priesterdom wat in direkte teenstand tot die leer van die algemene priesterskap van die gelowiges staan.

In die Middeleeuse teologie kom die gedagte van die algemene priesterskap tog nog sporadies voor as verskillende teoloë in verset kom teen die veruitwendigde, hiërargies-bepaalde en heilsbemiddelende Kerk. Die name kan genoem word van Hugo van St. Victor, 1096 - 1141. Na hom Johannes Wycliffe, 1329 - 1384, wat die Kerk weer sien as die samevatting van die uitverkorenes. Daaruit vloei logies voort dat die Kerk iets meer en iets anders is as die clerus aangesien dit in sy tyd al normaal is om die Kerk met die clerus gelyk te skakel. Wycliffe beweeg in die rigting van 'n beklemtoning van die algemene priesterskap van die gelowiges sonder dat hy egter uitvoerig hieraan aandag gee. Die man wat weer erns met hierdie aangeleentheid maak is Johannes Huss 1369 - 1415 in sy **Tractatus de ecclesia** waarin hy besig is om hom van die roomse kerkbegrip te ontworstel. In sy verwerping van die hiërargie in die roomse Kerk stel Huss dat die Kerk bestaan uit die uitverkorenes en nié uit die clerus as konstitutiewe element nie. Dit bring by implikasie mee dat hier 'n algemene priesterskap van gelowiges aanvaar word. Die gedagtes word skerper geformuleer deur die nederlandse teoloog Wessel Gansfort, 1420 - 1489. Volgens hom is die Kerk die gemeenskap van die heiliges waartoe al die waarlik vromes behoort wat deur

één geloof, één hoop en een liefde met Christus verbonde is. In aansluiting by Augustinus stel Gansfort dat hy met en ooreenkomstig die Kerk glo maar nie aan die Kerk glo nie. Hoewel hy nog vashou aan die onderskeiding tussen priesters en leke erken hy naas die priesterstand nogtans die algemene priesterskap van die gelowiges en stel hy dat die Kerk nie bestaan terwille van die geestelikheid nie, maar dat die geestelikheid bestaan terwille van die Kerk (vg. **de dignitate et potestate ecclesiae**). Ook by die roomse boetprediker Savonarola, 1452 - 1498, vind ons 'n neiging om weer die gedagte van die algemene priesterskap van die gelowiges sterker na vore te bring as wat dit in die heersende roomse teologie gedoen is.

Die bestaande teenstelling tussen die uiterlike en innerlike opvatting van die Kerk kom in die groot stryd tussen die roomse en protestantse teologie andermaal na vore. Dié botsende opvattings weerspieël terselfdertyd die posisie wat die leer van die algemene priesterskap ingeneem het. Die roomse Kerkbegrip kan miskien as volg getipeer word : die Kerk bestaan uit die sigbare, uiterlike gemeenskap wat die pous as opperhoof erken en aanvaar en wat verder op grond van 'n uitwendige belydenis en volgens dieselfde gebruik van die sakrament van die doop bymekaar gehou word. Daarteenoor die protestantse opvatting wat as volg weergegee kan word : die Kerk is die gemeenskap van almal wat deur die band van die ware geloof in Jesus Christus verbonde is. Hierdie gemeenskap is na sy innerlike wese onsigbaar, en dit word gebrekkig 'n sigbare gemeenskap daar waar die Evangelie suiwer gepredik word en die sakramente, volgens hulle instellnig, bedien word. In die laasgenoemde samehang is dit vanselfsprekend dat die leer van die algemene priesterskap van die gelowiges weer beklemtoon sal word. Dit is dan ook veral Martin Luther wat hierdie leer ontwikkel in sy stryd teen Rome. Veral in sy geskrif **An den christlichen Adel** benadruk hy die algemene priesterskap van al die gedooptes en stel dit diametraal teenoor die roomse klerikale gedagte. Hiervoor beroep Luther hom veral op I Pet. 2 : 9 en stel dan :

> Er (der Glaube) is allein das recht priesterlich ampt und lesset auch niemant anders seyn, darumb seyn allen christen man pfaffen, alle weyber pfeffyn, es sey iunck oder alt, herr oder knecht, fraw oder magd, geleret oder leye.

Die algemene priesterskap van die gelowiges hang vir Luther direk met die doop saam:

> Denn was aus der Taufe gekorchen ist, das kann sich rühmen dasz es schon zum Priester, Bischof und Papst geweiht sei, ob wohl es nicht jedem ziemt, ein solches Amt auszuüben. Den weil wir alle gleicher maszen Priester sind, darf sich niemand selbst hervortun und sich unterstehen,

> ohne unsere Einwilligung und Erwahlung das zu tun, wozu wir alles gleiche Gewalt haben.

Met hierdie uiteensetting verbind Luther dan sy verdere aanval op die roomse opvattings as hy stel dat nie slegs die pous nie, maar elke gelowige instaat is om die H. Skrif te lees en uit te lê. Hier beroep hy hom op I Kor.14:30,Joh. 6:45, en stel :

> Ueberdies sind wir ja alle Priester, wie oben gesagt is, haben alle einen Glauben, ein Evangelium, einerlei Sakrament. Wie sollten wir denn nicht auch Macht haben zu empfinden und zu beurteilen, was in Glauben recht oder unrecht wäre Wo bleibt das Wort des Paulus I Kor. 2:15 und II Kor. 4:13 . . . . . Darum gebührt jedem Christen, sich des Glaubens anzunehmen, ihn zu verstehen und zu verteidigen und alle Irrtümer zu verdammen.

Hierdie opvatting verbind Luther dan verder met sy ampsteologie en wys dan op die verskil met die ampsdraer :

> Alle Christen sind Priester, aber nicht alle Pfarrer, den über das, das er Christ und Priester ist, musz er auch ein ampt und ein befohlen kirchspiel haben. Der beruf und befehl macht Pfarrer und Prediger.

As Luther se opvattings oor die algemene priesterskap van die gelowiges aan die hand van die bogenoemde sitate en nog ander uiteensettings in hierdie verband gesistematiseer word, kan Luther se opvattings min of meer as volg saamgevat word :

Omdat die gelowiges deel het in Christus se hoëpriesterlike amp, daarom is hulle almal priesters maar dan nie alleen terwille van hulleself nie, maar ook terwille van ander. Elke gelowige moet as priester offer en sy offerande is sy gebed en verkondiging en die verantwoordelikhede wat hy, as lid van die gemeente, op hom neem. Al hierdie dinge mag hy doen omdat nie een van hierdie dinge uitsluitlik aan die ampsdraer toekom nie. Die werklike en ware priesterskap behoort egter aan Jesus Christus maar die gelowige het deur sy doop en deur die geloof deel daaraan. Hierdie priesterskap van die gelowige is egter innerlik en geestelik en dit is wat die NT onder priesterskap verstaan. Die ampsdraer het ook primêr hierdie algemene priesterskap maar deur sy verdere roeping wat deur die gemeente bevestig word, word hy 'n dienskneg van Jesus Christus en van almal nà sy openbare bevestiging tot die amp. Die offerandes wat die gelowige as priester moet bring is nié bloedige offers nie, maar geestelike offers en dié bestaan in hoofsaak uit die gebed en die apostolêre roeping wat die gelowige het in en aan die wêreld waarvan hy hom nie kan of mag isoleer nie.

Hierdie opvattings van Luther word ook gedeeltelik in die orde en

leer van die Lutherse Kerk weerspieël, gedeeltelik omdat dit nie altyd in soveel woorde uiteengesit word nie. Tog moet erken word dat die leer van die algemene priesterskap van die gelowiges voortdurend geïmpliseer word in die Lutherse belydenisskrifte (vgl. W. Niesel, **a.a.O.**, S. 225). Met 'n aantal sitate kan dit miskien die beste geïllustreer word. In die **Confessio Augustana** van 1530 word die leerstuk in art 7 en 8 baie duidelik geïmpliseer en in die **Apologia** van die Belydenisskrif handel Melanchton uitvoeriger oor die lutherse kerkleer wat as 'n vanselfsprekendheid die leer van die algemene priesterskap van die gelowiges handhaaf.

> „Aber die christeliche Kirche stehet nicht allein in Gesellschaft äuszerlicher Zeichen, sondern stehet fürnehmlich in Gemeinschaft, inwendig der ewigen Güter im Herzen, als des Heiligen Geistes, des Glaubens, der Furcht und Liebe Gottes. Und dieselbige Kirche hat doch auch äuszerliche Zeichen dabei man sie kennet, nämlich, wo Gottes Wort rein gehet, wo die Sacramente demselbigen gemäsz gereicht werden, da ist gewisz die Kirche, da sein Christen, und dieselbige Kirche wird allein genennet in der Schrift : Christus Leib, denn Christus ist ihr Haupt und heiliget und stärket sie durch seinen Geist . . . . "

Dat die ware Kerk daar bestaan waar die ware gelowiges is en nie omdat daar priesters of ander uiterlik-institutêre tekens is nie word baie sterk beklemtoon en daaruit blyk wel hoe belangrik die gedagte van die algemene priesterskap van die gelowiges in die lutherse Kerk is. In die Schmalkaldiese Artikels van 1537 van die hand van Luther self, word in artikel XII as volg bely:

> Den es weiss Gott Lob ein Kind von sieben Jahren, was die Kirche sei, nämlich die heilige Gläubigen, und die Schaflein, die ihres Hirten Stimme hören. Denn also beten die Kinder : Ich glaube eine heilige christliche Kirche. Diese Heiligkeit stehet nicht in Chorhemden, Platten, langen Röcken, und andern ihren Ceremonien, durch sie über die heilige Schrift erdichtet, sondern im Wort Gottes und rechten Glauben.

In die gereformeerde protestantisme het die leerstuk van die algemene priesterskap van die gelowiges nié so 'n sentrale plek ingeneem soos by die lutheranisme nie. Dit geskied hoofsaaklik vanweë die oorheersende invloed van Calvyn wat die algemene priesterskap van die gelowiges nie tot een van die sentrale argumente van sy leer van die Kerk maak nie. Die verskil lê hierin dat Luther die Kerk baie sterker sien as organisme, as **communio sanctorum** wat tot die gevolg het dat Luther baie sterk nadruk op die pastor lê deur wie Christus die gemeente regeer terwyl aan die gemeentelede as priesters 'n duidelike

eie taak en opdrag gegee word. By Calvyn word die Kerk meer institutêr gesien want die Kerk is vir Calvyn die **mater fidelium** wat 'n eie regering het met ampte en bedieninge wat deur God ingestel is. Miskien kan mens die verskil ook so tipeer dat Luther teenoor die roomse hiërargie die algemene priesterskap van die gelowiges aksentueer terwyl Calvyn teenoor die roomse biskop die gereformeerde ouderling in die veld stoot. Interessant is die opmerking van W. Niesel, **Die Theologie Calvins,** München 1957, S. 202 :

> Für Calvins Aemterlehre ist die neutestamentliche Anschauung von der Kirche als dem Leib Christi grundlegend, während der Gedanke des allgemeinen Priestertums, das nur zu leicht als ein aelgemeines Haben aller verstanden werden kann, keine Rolle bei ihm spielt.

Tog het Calvyn die gedagtes van die algemene priesterskap van die gelowiges nie negeer nie, maar dit neem by hom geen sentrale plek in nie. Dit blyk ook al uit die enkele kere wat Calvyn hierna verwys in die Institusie bv. II, 7, 2; II, 15, 6; IV, 6, 10; IV, 14, 9; IV, 18, 17. Opmerklik is ook dat Calvyn in sy kommentaar op I Petrus, by vers 9 géén uiteensetting van die algemene priesterskap van die gelowiges gee nie. Tog kan die verskillende uitsprake van Calvyn hieroor nie sommerso agterweë gelaat word nie. As dit saamgevat word gee dit die volgende beeld : Uitgaande van die **triplex munus** van Christus as profeet, priester en koning word gestel dat Christus die enigste priester is maar op grond van sy plaasvervangende optrede is die hele Kerk wat aan hom behoort 'n korporatiewe priesterskap wat egter nie beteken dat die enkele gelowige 'n **hiereus** is nie—die enigste werklike **hiereus** is Christus self. Maar in Christus is die Kerk 'n priester soos die Kerk in Hom heilig is. Verder omdat Christus ons Middelaar en Verlosser is, daarom neem Hy ons ook op in sy diens terwille van die wêreld en roep die gelowiges tot die koninklike priesterskap. Hierdie priesterskap is dan verstaan as 'n geestelike voorreg, 'n persoonlike roeping wat enersyds die gelowige toegang tot God gee, andersyds 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die Kerk wat die **mater fidelium** is en ten derde bring dit mee dat die gelowige die wêreld sien as die plek waar sy priesterskap beoefen moet word. Die offerande wat die gelowige as priester moet bring is na die aanwysing van Paulus in Rom. 12:1. Dit egter nié verstaan in die sin van 'n soenoffer nie want dit sou 'n herhaling van die offer van Jesus Christus beteken en dit is onmoontlik, maar in die sin van 'n dankoffer. Die korporatiewe priesterskap ampte van die Kerk nie klem op die algemene priesterskap van die gelolowiges word dan uitgedruk deur die diens van God, die gebede, prediking en liefdesdiens van die Kerk in en aan die wêreld.

Nieteenstaande die feit dat Calvyn in sy leer oor die Kerk en die ampte van die Kerk nie klem op die algemene priesterskap van die gelo-

wiges lê nie, het dit tog in die calvinistiese Kerk tot dogma uitgegroei en wel in die **Confessio Helvetica Posterior** van 1566, Cap. XVIII, 10 :

> Nuncupant sane Apostoli Christi omnes in Christum credentes sacerdotes, sed non ratione ministerii, sed quod per Christum omnes fideles facti reges et sacerdotes, offere possumus spirituales Deo Hostias (Ex. 19:6, I Petr. 2:9 et Apoc. 1:6) Diversissima ergo inter se sunt sacerdotium et ministerium. Illud enim commune est Christianis omnibus ut modo diximus, hoc non item. Nec e medio sustulimus ecclesiae ministerium, quando repudiavimus ex Ecclesia Christi sacerdotium papisticum.

Dat hierdie dogma in die Tweede Switserse Geloofsbelydenis staan, is nie sonder betekenis nie aangesien dit, ná die Heidelbergse Kategismus, die mees algemeen aanvaarde gereformeerde Geloofsbelydenis was. Afgesien van die Switserse kantons is hierdie Geloofsbelydenis aanvaar in die Paltz, deur die hervormde kerke van Neufchâtel in 1568, Basel 1571, Frankryk 1571, Hongarye 1567, Pole 1571 en 1578 en Skotland 1566 terwyl dit met instemming ontvang is in Engeland en Nederland. In die Geloofsbelydenis word gestel dat die algemene priesterskap 'n geestelike priesterskap is en dat die offerandes wat die gelowiges, as priesters, bring die voortdurende danksegging en lof van God is. Hier vind dus 'n sekere vereenvouding ten opsigte van die omvang van die priesterskap plaas.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis van 1561 word die leer van die algemene priesterskap geïmpliseer in die definisie wat van die Kerk gegee word in art. 27 en dit gebeur ook in art. 27 vg. van die Franse Geloofsbelydenis van 1559. In dié sin kom dit in die meeste ander protestants-calvinistiese geloofsbelydenisse voor nl. by implikasie. Dit het meegebring dat die leerstuk van die algemene priesterskap van die gelowiges nie in die leer van die Kerk so 'n groot rol gespeel het nie. Maar die invloed van hierdie gedagtes op die lewe van die Kerk kan moeilik oorskat word juis omdat dit die mondigheid van die enkele gelowige beklemtoon asook sy diens en verantwoordelikheid in en aan die Kerk van Christus. Kerkordelik het hierdie leerstuk ook nie 'n besondere eie gestalte gekry nie hoewel dit geïmpliseer word wanneer die Kerk in sy kerkorde die konstitutiewe element van die geïnstitueerde Kerk nié sien in die teenwoordigheid van die ampsdraers assodanig nie maar in die getal van die gelowiges wat in die naam van Jesus Christus byeen is.

In die na-reformatoriese tyd het die leerstuk sy rol gespeel veral in die piëtisme van die nadere reformasie. Dit kan miskien die beste geillustreer word met 'n sitaat van P. J. Spener, **Das geistliche Priesterthum,** Frankfurt 1677 :

Vr: Sind dann die Prediger nicht allein die Geistlichen ?

Ant : Nein, auch dieser Titel gehöret allen Christen (Rom. 8:5). Opfern, Beten, Segnen sind priesterliche Aemter, die allen Christen zukommen und in welchen Christus als der einzige Hohepriester sich kundgiebt.

Die piëtisme wat in sy loop in Engeland bepaalde doperse elemente opgeneem het, het daar veral in die non-conformistiese kringe geleef. Die feit dat in die Anabaptisme die amp heeltemal uit die Kerk verban is, het as gevolg gehad dat die non-conformiste in Engeland die leerstuk van die algemene priesterskap van die gelowiges baie sterk benadruk het en wel ten koste van die amp. Juis hierdie oorbeklemtoning van die algemene priesterskap het by die Kongregasionalisme, die engelse Baptiste en by die Quakers voorgekom en vandaar speel dit weer 'n rol by die sektes wat oorspronklik uit hierdie engelse teologiese wêreld voortkom. Dit word dan ook reëëlmatig in die kerkordelike reëlings van hierdie groepe verdiskonteer. Vgl. bv. die **Baptist Union Statement** van 1948 wat stel :

> It is the Church which preaches the Word and celebrates the Sacraments, and it is the Church, which, through pastoral oversight, feeds the flock and ministers to the world. It normally does these things through the person of its minister, but not solely through him. Any member of the Church may be authorised by it, on occasion, to exercise the functions of the ministry, in accordance with the principle of the priesthood of all believers, to preach the Word, to administer Baptism, to preside at the Lord's table, to visit and comfort or rebuke members of the fellowship.

Hiermee word wel duidelik dat hierdie groepe die amp sien as 'n verbisondering van die algemene priesterskap van die gelowiges wat egter nóg reformatories nóg Bybels (Ef. 4:11 vg. ! !) te verantwoord is.

Een moment van die algemene priesterskap het by die metodisme van John Wesley, 1703 — 1791, sterk benadrukking gekry en dit is die apostolêre taak van die gelowige in en aan die wêreld. Dit word uitgedruk deur W. Bready, **England, before and after Wesley**, p. 297.

> To the Second Reformation . . . the priesthood of all believers bore a vital significance, for was not every convert a mediator and missionary of the cause of Christ? And one of its marked manifestations was its capacity for creating "lay saints" to whom prayer and spiritual meditation became instinctive, and to whom Christian altruism became the necessary concomitant of Christian faith.

In die Nederlandse Kerk waar die invloed van hierdie bewegings nie groot was nie, het die opvattings in verband met die algemene priesterskap nie 'n besondere invloed op die leer ontwikkeling van die Kerk gehad nie hoewel dit steeds in die lewe van die Kerk 'n groot rol bly

speel het. In die 18e en 19e eeu het dit wel so ver gekom dat dié opvattings enigermate verskuiwe het in die sin dat die algemene priesterskap nie meer gewaardeer is as 'n roeping en 'n diens wat alle gelowiges ontvang nie, maar as die basis van die regte wat 'n gemeentelid in die Kerk sou hê. Met die Doleansiebeweging het die leer van die algemene priesterskap op enkele punte weer na vore gekom en is veral die opdrag om die Kerk te hervorm na die eise van Gods Woord weer aan die gelowige toegskryf.

Tot slot dien vermelding dat die amptelike stukke van ons Kerk die waarheid en geldigheid van die leer van die algemene priesterskap aanvaar. Tot bewys kan twee stukke genoem word. Ten eerste **Eene Stem uit Mooirivier,** die Herderlike skrywe van die Algemene Kerkvergadering van 1855 :

> gelooft vrij, zoo lang als de Wachter Israels niet slaapt of sluimert, zoo lang als gij uwe Bijbels en de Geloofsleer der Gereformeerde Kerk achter dezelve gedrukt bezit, leest, onderzoekt en beoefent, zal niemand u, . . . . uw dierbaar kleinood, . . . . , de zuivere geloofsleer der Gereformeerde Kerk, kunnen ontnemen.

Ten tweede die skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering **Waarom is ek lidmaat van die Kerk** van 1957 waar die roeping en verantwoordlikheid van die enkele gelowige uiteengesit word en die algemene priesterskap van die gelowige beklemtoon word.

A. D. PONT.